



CAPE

LIBRARIAN

KAAPSE BIBLIOTEKARIS VOL 44 NO 1

JANUARY/FEBRUARY 2000

## FEATURES ARTICLES

### PUBLIC LIBRARY WORKPLACE IN THE NEW MILLENNIUM 8

Dr Fransie Terblanche

### KURRIKULUM 2005 Leerders, ouers en opvoeders 10

Ludwig H Nelson

### JAAR 2000 13

Johan Swiegelaar

## COLUMNS RUBRIEKE

### BOOKWORLD / BOEKWÊRELD

Meeting 120 instant friends - and an Empress 14

Jay Heale

Opvangbak van die woordsmede 15

Madaline du Plessis

Ontmoet die Limeriekman *Philip de Vos* 16

Philip de Vos

Die dinge van 'n kind 17

Swellendam Leeskring

Angela's ashes as outobiografiese  
literatuur beskou 18

Marietjie Kotze

Irish realism 19

Denise Harris

Anglo-Boereoorlog 'n geselekteerde  
bibliografie 20

Saamgestel deur Elizabeth de Roubaix

BOOK REVIEWS / BOEKRESENSIES 22

Book selectors / Boekkeurders

BOOK ACCESSIONS / BOEK AANWINSTE 26

Compiled by / Saamgestel deur Denise Harris

## DOCUMENTARY FOCUS

Licínio Azevedo a Mozambican filmmaker 31

Freddy Ogterop

## DIE INTERNET

Boekmerke vir boekvrata 32

Stefan Wehmeyer

NATIONAL DAYS 2000 34

Compiled by Elzet van Wyk

## YOUTH

Children's Book Forum Honour Books 38

Lona Gericke

## ONS BIBLIOTEKE

Veldriff Openbare Biblioteek 40

Ronél Kritzinger

## INTERNATIONAL

The Huntington library, art collections and  
botanical gardens 42

Cecily van Gend

## DIE KUNSTE

Ontmoet ons groot geeste 44

Hedwig Strijdom

## WEES PRAKTIES

Kortpad na inligting 47

Charlene Malan

## DISPLAYS

Create with ease 48

Monica Wagner

LIBRARY LAUGHS / BIBLIOTEEKBLAPSE 49

## NEWS NUUS

postbag 2 people 2  
libraries 3 training 3  
books and authors 4 miscellany 4

## CAPE LIBRARIAN

KAAPSE BIBLIOTEKARIS  
January / February 2000 Vol 44 No 1

### Redakteur / Editor

Grizéll Azar-Luxton

### Subredakteur / Sub-editor

Janine de Villiers

### Grafiese Ontwerper / Fotograaf

Graphic Designer / Photographer  
Monica Wagner

### Administrasie / Administration

Elzet van Wyk  
Klasie Swart

### Telefoon / Telephone (021) 483-2446

Faks / Fax (021) 419-7541

### E-pos / E-mail

capelib@pawc.wcape.gov.za  
grizelli@iafrica.com

### Adres / Address

Posbus 2108 Kaapstad, 8000  
PO Box 2108 Cape Town, 8000

### Geindekseer in / Indexed in

LISA

(Library and Information Science Abstracts)

© Biblioteekdiens

© Library Service

SA ISSN 0 008 5790

### Reproduksie / Reproduction

Fotoplate (Pty) Ltd  
Nyman Street, Maitland 7405

### Drukker / Printer

Mills Litho  
11th Avenue, Maitland 7405

### Redaksionele beleid

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstsyste asook praktiese artikels oor uitstalwenke en biblioteekadministrasie. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

### Editorial policy

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, practical articles on displays and library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

editorial



redaksioneel

The new millennium and Y2K have come and gone without anything earth shattering happening - something, something ever so slightly out of the ordinary would have gone a long way towards relieving me of the feeling that I have somehow been had. Talk about damp squibs! This one drowned in its own apathy. In my home village of Kalk Bay there was considerably less carousing and merry-making than is evident on an average Saturday night. We at the **Cape Librarian** were determined, however, not to allow the unimpassioned approach of others to dampen our enthusiasm and we rushed headlong into the year 2000 with the idea that the new millennium should usher in a totally new look for our magazine.

Our cover, for instance, has been designed to depict readers of many nations, cultures and creeds throughout the last millennium. We also redesigned our inside look somewhat and you will notice some new layout styles and a lighter typeface.

We have introduced an exciting *Book World* column in which we will concentrate on authors, books discussed by the various active reading circles in the Western Cape, and we home in on specific genres, interesting book and author lists.

We will also be focussing on documentary films and videos. These will include those already available in the Service and future acquisitions.

The column previously known as *Computalk*, will in future in the main deal with Internet news and interesting web sites - yes! although not yet techno-junkies we have finally succumbed to the wonderful world of the Internet.

But we have not gone completely overboard - we have retained the golden oldies and columns such as displays, practical hints and international libraries are all still there. Due to popular demand we also return with *Library laughs*, previously known as *Passing my desk*. Enjoy!

Die nuwe millennium en J2K het toe gekom en gegaan sonder enige aardskuddende gebeurtenisse - iets, net ietsie buitengewoon sou my ten minste laat voel het dat ek nie om die bos gelei is nie - dis soos 'n klapper wat nie afgegaan het nie..! In my tuisdorpje Kalkbaai was daar minder gefuif en gekuier as op 'n normale Saterdagdaand.

By die **Kaapse Bibliotekaris** was ons egter vasbeslote om nie toe te laat dat die apatiesie houding van ander ons entoesiasme demp nie en ons is die jaar 2000 volstroom binne met een gedagte - en dit is dat ons tydskrif 'n heel nuwe baadjie moes kry.

So het ons dan by die voorblad begin wat ontwerp is om lesers van alle nasies, gelowe en kulture deur die eeue uit te beeld. Ons het ook aan die uitlegstyl geskaaf en begin sommer die jaar met 'n splinternuwe letter tipe.


*Boekwêreld* sal van nou af sorg vir insiggewende artikels oor skrywers, boeke wat deur die talle aktiewe leeskringe in die Wes-Kaap bespreek word, 'n in-diepte kyk na verskillende genres en prikkelende lees- en outeurslyste.

Dan sal daar ook vanjaar op dokumentêre films en video's reeds in die Diens of wat nog aangekoop gaan word, gefokus word.

*Komperklets* gaan in 'n Internetrubriek omskep word waarin op interessante webwerwe en Internet nuus gekonsentreer sal word. Ja, ons het uiteindelik geswig voor die wonderwêreld van die Internet, maar is nog ver van tegno-verslaafdes af!

Maar moet nie bekommerd wees nie, ten spyte van al die nuwighede bly die goue gunsteling nie agter nie en rubrieke soos uitstallings, praktiese wenke en nuus van internasionale biblioteke sal nog altyd ons bladsye vul. Ons het ook aan lesers se versoeke om toonbanktaaltjies terug te bring, gehoor gegee. Lekker lees!

Grizéll Azar-Luxton



page 24



page 45



page 43



page 14

## Post bag

### Millennium issue

What a splendid issue! I keep all your issues carefully but this one needs to remain ready to hand - not least to check that I have read all of the Top 100 Books, sampled the Nobel winners, seen as many of the Shakespeare films as possible, checked on local artists, and gloried in Alexandria.

Magnificently readable, useful and challenging. (Which, I suppose, is as good a motto for the new M\*\*\*\*m as any!)

Jay Heale  
Children's Book Specialist

### En van 'n voormalige direkteur...

Werklik, ek wil julle gelukwens met die laaste uitgawe wat ek verlede week ontvang het, dit is fantasties. Dit sal lank as 'n naslaanbron van goeie of aanbevole boeke kan dien, ek hoop net die Biblioteekdiens het voldoende eksemplare beskikbaar.

Frans van der Merwe  
Voormalige Direkteur van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens  
Brief verkort, RED

### Uit die Oos-Kaap...

As biblioteek hier in die warm Oos-Kaap wil ons baie dankie sê vir so 'n puik tydskrif wat ons ontvang. Dit is soos 'n kleinood en word van voorblad regdeur tot agterblad gelees. Wenke word tot die letter toegepas en ons is al menigmaal deur julle tydskrif 'gered' deur leners wat inligting soek.



Retha Kellerman, (tweede van links) saam met voormalige assistentdirekteur, Zirkë Ellis tydens 'n gesellige leserskringand by Moorsburg Biblioteek

Winnie de Villiers  
Senior Biblioteekassistent,  
Cradock Openbare Biblioteek

### Nog terugvoering...

Alle voorspoed vir die jaar 2000! Ek kan nog heelparty mense op die foto (Kaapse Biblioteekaris 43 (6) 1999, p. 15) identifiseer vir wie u nie name kon kry nie.

As lid van die Vriende van Somerset-Wes en Helderzicht Biblioteek kry ek u tydskrif gereed te sien en vind dit groterdeels baie interessant. Ek sou graag 'n eksemplaar van die November-Desember 1999 vir eie gebruik wil hê. Kan ek 'n eksemplaar van julle koop? Sou ek op die tydskrif kan inteken?

Vir die eerste keer sedert die begin van my loopbaan het ek ernstig met 'n openbare biblioteek te doen. Ek kry wel die indruk dat Somerset-Wes se openbare biblioteek enig van soort is. Dis so 'n lewendige plek, met geen teken van die stilte waaraan biblioteke so dikwels tipeer word nie.

Dr Anna Louw  
Somerset-Wes

U kan gerus inteken op die tydskrif teen 'n bedrag van R70,00 per jaar vir ses uitgawes. RED

### From Gauteng...

I have just enjoyed reading your millennium issue of **Cape Librarian**, and thought it was a good opportunity to congratulate you on your publication, which maintains such high editorial and production standards. This issue was particularly interesting, but I

certainly find much stimulating material in every issue. It is good to know what is going on in the library world south of Gauteng, and you certainly provide a service to librarians throughout the country, and not just in the Western Cape. I know many of my staff also enjoy the publication. Thank you!

On behalf of the staff of the Greater Johannesburg Metro Services, may I wish you all (librarians and cybrarians!) a happy and fulfilling 2000, much good reading and electronic searching, and more adequate funding to ensure its continuance!

Joan Bevan  
Metropolitan Librarian  
Greater Johannesburg Library Services

Many thanks to all for the kind and inspirational words. ED

### Feetjiesplakkaat

Baie dankie vir die pragtige plakkaat - dis so lekker om weer 'n slag uitstalmateriaal van gehalte te kry. Feetjies en alles wat met hulle te doen het is nou baie in aanvraag, so dis baie welkom.

Mag ons 'n versoek rig vir 'stunning' uitstalmateriaal om nuwe boeke mee te adverteer? Dis iets wat mens gedurig gebruik en wat nooit sal stof opgaan nie.

Roné Reesberg  
Brackenfell Openbare Biblioteek  
Oms het pragtige baniere in voorraad. Skakel gerus Janine de Villiers by 483-2234 vir meer ligting daaroor. RED

## Mense

### Retha Kellerman groet

Moorsburg Biblioteek neem na 27 jaar afskeid van Retha Kellerman. Sy het agt jaar as assistent en negentien jaar as hoof gewerk en was vir vier jaar lank betrokke by die geleterheids-aksie.

Alhoewel die biblioteek 'n

inligtingsburo het, lok die pragtige biblioteek baie toeriste en Retha was altyd bereid om toeriste met 'n glimlag van raad te bedien.

Sy was 'n bedrewe storieverteller tydens storie-uur vir kleuters en haar pragtige uitstallings het baie aandag van die publiek getrek. Gedurende haar loopbaan het sy by verskeie kursusse praattjies gelewer.

In 1985 het sy 'n toekenning ontvang vir die vriendelikste amptenaar in die dorp. Ten spyte van 'n gebrek aan personeel het sy altyd gesorg dat die besige biblioteek 'n uitstekende diens lewer. Sy sê: 'Ek ag myself gelukkig dat my werk altyd 'n groot plesier was.'

Sy sien nou uit na haar aftrede, want dis die begin van 'n heel nuwe fase van haar lewe. Alhoewel ons, sowel as die publiek, haar vriendelikheid en behulpsaamheid sal mis, gun ons haar 'n welverdiende aftrede.

Dit sal maar moeilik wees om die leemte wat na 27 jaar gelaat word, te vul. RED

### Ons nuwe stelsel-biblioteekaris

Hartlik welkom aan Lynette Peters, ons nuwe stelselbiblioteekaris wat in Januarie 2000 hier begin werk het. Sy het in Ceres gematrikuleer en is daarna Stellenbosch toe waar sy die grade B.Com. en B.Bibl. verwerf het.



Lynette het sedert 1999 kontraktwerk by, onder andere, Goodwood Biblioteek gedoen en het so ondervinding van PALS opgedoen. Sy sal aanvanklik opleiding in al die PALS modules ontvang en sal dus nie dadelik kan



insprink om almal se PALS navrae te beantwoord nie.

Ons wens haar 'n lang en gelukkige tyd toe by die Biblioteekdiens.

Liesel de Villiers, Assistentdirekteur

Bo: (vlnr) Mnr Glen Adams, Minister van Omgewing- en Kultuursake van die provinsiale parlement, die plaaslike burgemeester, Raadslid John Schuurman en mnr Johan Swiegelaar, Hoof, Biblioteekdiens tydens die amptelike opening van Erfvriende Biblioteek, Nduli, Ceres

## Libraries

### Hout Bay Library in best of the century

The **Sunday Times Lifestyle**, of December 1999, featured a number of buildings/developments all over the world as the best of the century. The list was compiled by Lindsay Bremner, Anton Coetzee, Iain Low, Jonathan Noble and Lone Paulsen, Department of Architecture, University of the Witwatersrand. A South African list was compiled by architect Melinda Silverman in which Hout Bay Library, designed in 1989 by Uytendogaardt and Rozendal is included. She describes the building as follows: 'In contrast to the nearby commercial development and paved car lots, this small library is set within a shady tree-lined parking court. The building has a low oversailing roof which shades a continuous band of windows, which in turn illuminate an internal roof structure made up of tree-like struts which define the public area. The bookshelves and reading areas are more intimately scaled. Materials are economical and simple - white-washed walls, red quarry tiles and exposed timber.'

And in South Africa - a guide to recent architecture by Christina Muwanga the following was published: 'Set amid jostling commercial developments, the site of this small library was part of an urban design strategy aimed at integrating the area's buildings and parking lots through a sequence of planted courts. The library, with its treed forecourt and access link from the adjacent shopping centre, echoes the arrangement on a smaller scale.'

'The building's façade is characterised by a low oversailing roof shading a continuous band of windows. A recessed entrance, overlooked by the librarian's offices, leads through to a lobby providing access to a multi-purpose hall, kitchen, staff facilities and the main library space. This is the antithesis of the suburban library stereotype: the public area is a light-filled, loosely defined landscape of spaces. The main feature is the splayed fan-like timber structure supporting the sloping clerestory roof.

'Materials are simple and economical - corrugated iron,

## Opleiding

### Biblioteekbestuurders vergader

Die afgelope jare het die rol van bibliotekaris se op groter dorpe uitgebrei na die van biblioteekbestuurders - ook verantwoordelik vir die takbiblioteke. Hierdie ervare en kundige persone speel 'n sleutelrol in die openbare biblioteekdiens binne die bepaalde plaaslike owerheid. Hulle word dikwels gekniehalter deur chroniese persoonlike kortte.

Die rol van die biblioteekbestuurder en wisselwerking met die streekbibliotekaris is onlangs onder die soeklig geplaas. 'n Beraad op Hartenbos is bygewoon deur die volgende Suid-Kaapse Biblioteekbestuurders: Sharon Raubenheimer (George), Alic Swanepoel (Oudtshoorn), Christell Barnard (Mosselbaai), Gillian Carter (Knysna), Anita Claassen (Robertson), Suzette Marais (Bredasdorp), Annemarie Cronje (Riversdal), Kobie McKechnie-Redelinghuys (Swellendam), Madeleine Kirsten (Stilbaai), Suzette Kotze (Ashton) en Sita de la Rey (Plettenbergbaai). Streekbibliotekaris van die Outeniqua-beheergebied het as fasiliteerders opgetree.

Interessante onderwerpe is bespreek.

- ~ Toekenning van nuwe biblioteekmateriaal
- ~ Werksverdeling tussen die biblioteekbestuurder en takbibliotekaris
- ~ Opstel en hantering van die begroting
- ~ Kommunikasie met die takbiblioteke en plaaslike owerheid deur middel van besoeke, maandverslae en vergaderings
- ~ Personeel: opleiding, rotering en aflos
- ~ Vriende van die biblioteek en vrywilligers
- ~ Spanwerk tussen die biblioteekbestuurders en streekbibliotekaris.

Onderlinge verwagtinge is bespreek.

- ~ Praktiese probleme met rekenariserings.

Die beraad het plaasgevind onder die bekwame leiding van Sita de la Rey en Kobie McKechnie-Redelinghuys. Elkeen teenwoordig het 'n bepaalde onderwerp ingelei, waarna 'n oop gesprek gevoer is. Waar nodig, is knelpunte uitgelig en oplossings gesoek. Om aan te pas by vinnig veranderende tye, is die belang van vernuwende denke beklemtoon. Die platteland wil ook graag op hoogte van die nuutste ontwikkelings wees.

Die uitstekende vergaderplek, rustige atmosfeer en goeie praktiese reëlings, het bygedra tot 'n suksesvolle beraad. Dit het voldoen in 'n behoefte om bibliotekaris se met gemeenskaplike belang byeen te bring. Die kontak oor streekgrense heen was stimulerend. Sodoende is nuwe mense en biblioteekopsette ontdek!

Elina Cloete, Streekbibliotekaris, George



### Veldrifer hou kliëntediens-seminaar

Regs: Clive Wildschutt van die Kaapse Akademie was die aanbieder van hierdie geslaagde kursus in Veldrifer



bagged white walls with red quarry tiles and various grades of timber. Detailing is carefully considered and inventive, resulting in fully integrated elements - the floor becomes a column base, the column becomes a roof structure, the roof becomes fenestration... A whole greater than the sum of its parts.

*Hout Bay, this time you really made big news. Doesn't it fill you with pride to be one of the best of the century? Congratulations to all involved. ED*

*Above: One of the many unusual features of Hout Bay Library is the low overhanging roof which shades a continuous band of windows*

*Below: The interior of Hout Bay Library which 'is a light-filled landscape of spaces'. Note the use of materials - simple and economical - bagged white washed walls, red quarry tiles and various grades of timber*

## Allerlei

### Kannemeyer toer

Dié keer was dit die Overberg van 20 - 23 September. Die wegsping was die JS Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch waar foto's, briewe en manuskripte van dié wêreld se skrywers - Audrey Blignault, doktor Con de Villiers, Uys Krige, MER en Jan Rabie bekyk is. Inderdaad, 'n belewenis - plek-plek 'n stout foto of brief.

Botrivier is die gehuggie waar Petra Müller 'n deel van haar

kindertyd verwyl het. Oor Sir Lowry's pas land ons in Caledon waar die op en wakker toerisme beamppte mnr T Mangiagalli ons begelei deur 'n besonder klein interessante kunsmuseum. In Genadendal in die Baviaanskloof voel dit kompleet of die tyd hier stilgestaan het. Dis die oudste sendingstasie in Suid-Afrika wat George Schmidt van die Morawiese Sendinggenootskap in 1737 aangelê het. In 1832 het die **Cape Hope Colony Gazette** gerapporteer 'Genadendal Library is the finest in the colony'. Al die artefakte in die museum is

## Books and authors

### 'Catch-22' author dies

Joseph Heller, whose darkly comic first novel, **Catch-22** defined the paradox of the no-win dilemma, died of a heart attack at his East Hampton home in December 1999. He was 76.

**Catch-22** sold more than ten million copies in the United States alone. He wrote five novels after **Catch-22** and co-authored the non-fiction, **No laughing matter**.

Started in 1953 and published eight years later, the tone of **Catch-22** perfectly suited the disillusion brought on by Vietnam and Watergate.

The son of a delivery man, Heller was born in 1923 in the Coney Island section of Brooklyn. He loved writing as a child and was in grade school when he tried, unsuccessfully, to get a story published by the *New York Daily News*.

Heller enlisted in the Air Force in 1942. He was sent into combat two years later and discovered war was nothing like the movies.

Author and friend, Kurt Vonnegut, said he and Heller were both marked by 'the greatest lunatic asylum of them all: World War II. He said to me one time that if it weren't for World War II he'd be in the dry cleaning business', Vonnegut recalled.

Heller began **Catch-22** while working as copywriter for a small New York advertising agency. The book didn't make much of an impact when it was finally released, despite newspaper ads captioned 'What's the catch?' Reviews were mixed and an author tour was deemed unnecessary. **Catch-22** wasn't on any major best seller list during its original hardcover release.

*1999 News24*

### Patrick O'Brian


Patrick O'Brian, the Anglo-Irish novelist whose stirring tales of the British Navy in the Napoleonic Wars made him a literary celebrity at an age when most writers have long ceased to ply their trade, died in Dublin. His **20 Sea Stories** won him international fame. He was 85.

*The New York Times: Books*

### Quentin Crisp

Quentin Crisp, the pioneer of homosexual openness, died at the age of ninety at the end of 1999 while preparing for one last display.

The ornately-attired writer and raconteur, who referred to himself as 'the stateliest homo in England', was found dead in Manchester on the eve of a one-man show which was to tour the country. Friends said



*The flamboyant Quentin Crisp  
Picture: AP*

he was in poor health and apprehensive of the strain the tour would cause.

Crisp, who found sudden fame at the age of sixty with the publication of his autobiography **The Naked civil servant**, emigrated to New York at the age of seventy two and had made his home for the last eighteen years in Manhattan, where he was lionised.

*Cape Times*



Regsom van links bo:

'n Kleurvolle uitstalling deur Eleanore Petersen, die kinderbibliotekaris van Melton Rose Biblioteek

Me Hanneljê du Preez, Hoofdirekteur van die Departement Omgewings- en Kultuursake en Sport, mnr Glen Adams, Minister van Omgewings- en Kultuursake van die Provinsiale Parlement, en Beverley Thomas, Museumsdiens, by die amptelike opening van die reisende Boereoorloguitstalling. Foto: Albert Hess

Ter herdenking van die Anglo-Boereoorlog is die eerste amptelike reisende uitstalling op 11 Oktober 1999 in Simonstad Museum deur die Museumdiens bekend gestel. Die uitstalling kan by die Museumdiens se streekverteenwoordigers (sien bladsy 7) in die Wes-Kaap bespreek word vir gebruik in 'n openbare biblioteek om sodanige saam te val met 'n spesifieke herdenkingsprojek. Die uitstalling kan met relatief min moeite opgestel word

Strand Biblioteek se oorspronklike 'lewendige' Boereoorloguitstalling

Klawer Biblioteek se uitstalling wat onlangs vir bejaarde gebruikers gehou is

Stellenbosch Biblioteek het 'n plakkaatkompetisie vir gebruikers tydens Biblioteekweek aangebied. Hier is ldi Coetzee, 'n elfjarige gebruikertjie by haar plakkaat met die tema Boeke vir Afrika



deur plaaslike inwoners geskenk en baie professioneel uitgestal: doktor I Balie is outeur van **Die Geskiedenis van Genadendal**. PJ Philander, die digter wat etlike jare al in die Verenigde State van Amerika woon, is gebore op Caledon en *Genadendal* is een van sy gedigte.

Onlangs was die museum baie verras om 'n groot skenking te ontvang uit die boedel van doktor Hendrien Lambrechts, jare lank betrokke by die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging. Die klein nywerheide wat hier funksioneer is die pottebakkerij, 'n bakkerij en sedert die stigting, die drukpers. 'n Waarskuwing uit die ou dae, **Drank**, bevestig dit.

### DE DRANK

Brengt in Armoede,  
Maakt twistgierig,  
Onbekwaam voor werk,  
Stoort den Huisvrede,  
Verniet het Ligchaam,  
Berooft van't Verstand  
Verhardt het Hart,  
Leidt de Ziel in de heil!

Op Bonnievale word die geboortehuis van Breyten Breytenbach aan ons uitgewys - nou omskep in 'n winkel. Suurbraak, die skilderagtige sendingstasie naby Swellendam, was agtergrond vir die skryf van die gedig deur FW Reitz, *Klaas Geswind en syn perd*. Daar word kennis gemaak met die geskiedenis van die Barries, die destydse handelsprinsesse van die Overberg waar ons by Witsand 'n rustige vaart op die Breërivier doen.

Bontebokskloof, die geboortepaas van Uys Krige, is in die Swellendam distrik. Die dorp is deesdae bekend vanweë sy meer as vyftig gastehuse. Hier was ons bevoorreg om 'n besigtigingstoer te kon doen met Miemie Rothman, kleindogter van MER. Om al die kosbaarheid van die Drosdy te bekijk, het 'n mens baie tyd nodig. (Jonas Lombard, tans die drywer in Swellendam-

streek, was baie jare verbonde aan die Drosdy.) Die tronkgeboue is goed bewaar en die waterwiel maal nog dag in en dag uit koring vir plaaslike inwoners en veral toeriste. Kom Nader, tuiste van MER, het ons toergangers dadelik deel gemaak van die geskiedenis - te danke aan haar dogter en kleindogter wat alles bewaar het (dis dan ook die woonhuis van Miemie). Die eenvoudige gemeubileerde kamer van MER met sy ysterkatel het my aan die woorde laat dink: 'Plain living but high thinking.'

Wat 'n ondervinding om vroegoggend met laagwater in *Die hol krans (Die Gewers)* van MER by Waenhuiskrans te staan. Dit kan nie oorvertel word nie. Ons sien Kassiesbaai se gerestoureerde huise. Teen dié duine is **Klara Vilje** met Anna Mart in die hoofrol verfilm. Bredasdorp, bakermat van die merinoskaap, is ook die geboortedorp van Audrey Bignault, 'n Kamer spesiaal ingerig vir haar in die inligtingsburo het baie persoonlike besittings van haar, onder meer, haar troufoto met doktor Bignault ('n snyerspakkie met hoed in plaas van die tradisionele bruidsgewaad), 'n aanbieding met haar tagtigste verjaarsdag en in die klerekas natuurlik iets roois! Die Skeepsrakmuseum hier het ook die geskiedenis van die gevaarlike roete om Kaap Agulhas vasgelê.

Oor die 'Rüens' land ons in L'Agulhas, die suidelikste punt van Afrika. Professor C Lohan, emeritus-professor in Biblioteekkunde aan Potchefstroom, is kurator van die vuurtoring.

Met al die inligting op sy vingerpunte vertel hy van die baie vuurtoring vriende oorse wat poskaarte van hulle vuurtoring

## Voorgeskrewe boeke Prescribed books

'n Lys van voorgeskrewe boeke vir skole vir 2000 sal vanjaar deur streekbibliotekaris aan biblioteke versprei word.

A list of prescribed books for schools for 2000 will be distributed via regional librarians to all libraries.

stuur. Alles is netjies geïndekseer en geskryf in die bepaalde land se skryfstyl. Die vuurtoring hier is in Egiptiese styl opgerig in 1848.

Doktor Kannemeyer maak ons koppe vol met baie inligting. Hy word nie verniet 'n spesiaal toeleier genoem nie. Ons luister na bandopnames van MER op die voorraand van haar eenhonderdste verjaarsdag, ook doktor Con de Villiers, byna vyf-en-sewentig jaar oud en 'n huldeblyk vir professor Opperman deur familie en vriende na sy dood en kyk ook 'n Uys Krige video. Op Dungeon's Path (in die volksmond Donkiespad), opgroeiplaas van doktor Con de Villiers, hou ons piekniek. Dis tussen Caledon en Napier, laasgenoemde die wêreld van Wilma Stockenström. Bielebom onder die melkhoutbome op Franskraal is die strandhuis van die Oppermans waar hy groot dele van die **Komas uit 'n bamboesstok** na sy merkwaardige herstel geskryf het.

**Hans die Skipper** is by die ou hawe op Hermanus verfilm en dis ook die naam van DF Malherbe se strandhuis op Kleinmond. Ons sien Uys Krige se huis op Onrus waar hy die laaste jare gebly het en ook die strandjie waar hy daaglik geswem het en by geleentheid sy

kunsgebit verloor het. Op Onrus woon ook die hoogs bejaarde skilder, Gregoire Boonzaier, en sy baie werke (en baie duur) word in 'n aparte galery gehuisves. Ons besoek die kerkie met net plek vir nege mense waar FW de Klerk met sy Elita getroud is.

Vermont is die tuiste van Jan Rabie en sy kunstenaarsvrou, Marjorie Wallace. Alhoewel hy in 'n versorgingsoord is, is sy, ook reeds bejaard, steeds 'n bondel energie. In haar solderkamer (net begaanbaar met 'n buite trap) kon ons haar skilderye, meestal interieurs, besigtig. Deesdae is haar voorkeur om hansworse te skilder. Sy's Skots van geboorte en weier om Engels met Afrikaanssprekendes te praat.

Fluit-fluit my storie is uit. Bederf u self volgende jaar met so 'n toer. Dis heerlik. Kontak doktor Kannemeyer gerus by (021) 887-2744.

Hedwig Strijdom,  
Streekbibliotekaris, Saldanha

## Leipzig Bookfair 2000

The first combined Congress of the German Federation of Library Associations and the German Association of Information Science and Information Practice under the title 'Information and Public' takes place on 20-23 March 2000 in conjunction with the Leipzig Bookfair 2000.

There will be more than 200 professional meetings, performances and discussions with more than 150 excellent international speakers and papers. Approximately 3 000 participants are expected.

For more information, check the website <www.htwk-leipzig.de/kongress2000>.

## George Leeskring - 'n jaar in oënskou

Terwyl die millennium-koors aan die oplaai was en daar oral reggemaak is vir die oortop na die magiese 2000 - die begin van 'n nuwe jaar, 'n nuwe eeu, 'n nuwe millennium - was dit sekerlik ook goed om eers terug te kyk op die pad waarlangs ons gekom het. Miskien verklaar dit waarom koerante en tydskrifte die afgelope tyd vele lysies opgestel het wat wissel van 'Die 100 beste boeke van die eeu', of 'Die film-treffers van ons tyd', tot by 'Die belangrikste gebeure van die millennium'.

By die George Leeskring is daar ook by wyse van 'n jaarverslag terug gekyk op 1999 maar in teenstelling met ander lysies, het hulle lys sonder uitsondering slegs Nommer Eens opgelewer!

Die jaar 1999 het op 'n hoë kabaret-noot begin met die **Lied van die Boegies**, deur Etienne van Heerden, toe 'n aantal lede gesorg het vir 'n lewendige en hoogs vermaaklike voorlesing waarmee hulle 'n hele jaar se lees-makietie ingelui het!

Die jaarprogram het gewissel van die outobiografiese herinneringe van Frank McCourt se **Angela's Ashes**, tot die ewe inskouende roman van Eben Venter, **Ek stamel, ek sterwe**.

Nog twee romans, wat albei binne die tyd en ruimte van die Anglo-Boereoorlog afspeel, is vanjaar gelees. Christoffel Coetzee se **Op soek na Generaal Marnettjies Mentz** en Eleanor Baker se **Groot dwiëls dood** - twee verhale wat elk besin oor die oorlogsgedinge van 'n eeu gelede, en wat nog steeds weerklanke afgee in ons eie tyd.

Benewens 'n bespreking oor jeuglektuur, en die kortverhale uit die bundel, **Dogters van Afrika**, is die gedigte en skilderye van Breyten Breytenbach ook van nader beskou.

In Meimaand is Biblioteekweek gevier saam met twee digters van ons omgewing, wat oor kreatiewe skryfwerk gesels het en van hulle gedigte voorgelees het. 'n Plaaslike fotograaf se werk, wat visuele kommentaar

## Die Kaapse Bibliotekaris ...40 jare gelede

- GJ de Melker, bestuurder van HAUM doen verslag oor die 1959 Internasionale Boekeskuur in Frankfurt
- Die **Kaapse Bibliotekaris** publiseer 'n volledige lys van radioprogramme met 'n literêre inhoud op die Engelse Diens van die SABC
- Rykie van Reenen skryf oor die NTO (voorloper van Krui en Kunstekaap) se eerste toneelstukopvoering by Tiervlei Openbare Biblioteek
- As deel van hulle bibliotektoere hou die provinsiale bibliotekpersoneel filmvertonings en word hulle getraakteer met braai- vleis, koek en koffie
- Jan Rabie skryf 'n artikel oor toekomsfiksie en die letterkunde en die proeflesers van die **Kaapse Bibliotekaris** verander George Orwell se titel na 1884!
- Abraham de Vries berig oor die destydse hoofkantoorgebou te Keeromstraat 48. Die gebou was destyds 'n hemdefabriek en die hysakbestuurder sukkel dat die hyser nie tussen twee vloere stihou nie
- Die kollig val op Vishoek Biblioteek se uitbreidingsaktiwiteite
- 'n Rekenaar(!)geproduseerde aanwinstlys word gepubliseer

lewer op enkele van die gedigte, is ook uitgestal.

Nog 'n feestelike byeenkoms het in September plaasgevind toe die bekende werk van Gideon Joubert, **Die groot gedagte**, bespreek is. Gaste is genooi vir 'n vonkelwyn-ontbyt.

Ten slotte kon ons aan geen passliker manier dink om ons 1999 lees-makietie af te sluit as met Boerneef nie. Wie anders kan tog die ou-jaar se lekker dinge en die nuwe jaar se wie-wet-dinge beter verwoord as juis dié woordman-by-uithemendheid!

Blaas op die pampoensingel Maak jou eie musiek  
Pomp kou kieste op Blaas basmusiek 'n dreunborslied 'n bamboesriet...

WANT...  
Wanneer kry jy weer so 'n jaar  
Wie weet hoe lal dit  
aankomende jaar  
Speel nou die aghorria  
tussen die vygies  
Vir skaaplam en korhaan  
en kanniedoodblaar.

George Leeskring

## Join LIASA

Part of the process of getting the LIASA Interest Group off the ground is to recruit as many members possible to establish an active, democratic organisation in which members take ownership of their affairs.

In the interest of public libraries and public librarians, it is necessary for the Interest Group to start with activities, including programmes and projects for public librarians, in all nine provinces. To really have an impact a strong membership base backed up with strong financial support is required.

For this Interest Group to have free and fair elections in the year 2000 and to have full representation on the Representative Council of LIASA, many members are required.

A start up donation, also to be a membership fee for the year 2000, of a minimum of R20,00 is requested to help cover costs for postage, the recruitment drive of members, organising of meetings in the different provinces and

payment of honorariums to speakers of quality.

For more information contact Ms Koekie Meyer, National Co-ordinator, LIASA Interest Group for Public Libraries, Private Bag X50, Halfway House, 1685. Telephone (011) 805 4373; Fax (011) 805 1439; e-mail <mailto:koekiem@gpg.gov.za>.

## Museumdiens streek- verteenwoordigers

### Metropool

Cherry Dilley  
Tel: (021) 786-3046  
Faks: (021) 786-2391

### Wynland

Ella Odendal  
Tel: (021) 887-2902  
Faks: (021) 883-2232

### Breërivier

Bertdene Laubscher  
Tel: (02331) 22045

### Overberg

Tizzie Mangiagalli  
Tel: (0282) 121511  
Faks: (0282) 141427

### Weskus

Marlene van Zyl  
Tel/Faks: (0224) 33093  
**Suid-Kaap en Karoo**  
Sandra Smit  
Tel: (0201) 52308  
Faks: (0201) 52121

## VERSOEK

'n Versoek is vanaf biblioteke ontvang dat bydraers van nuus se name gepubliseer word. Ons doen dit graag maar het dan u samewerking nodig. Skryf asseblief u of die bydraer se naam en posbenaming by die nuusberig wanneer u dit instuur.


## REQUEST

We received a request from librarians to publish the names of contributors with news items received. We do so gladly but then please ensure that names and ranks of contributors accompany news items.

## Kalahari.net se 5 bestes

1. **Wegkomkans** - Marieta van der Vyfer
2. **My simpatie, Cerise** - Eben Venter
3. **Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902** - Fransjohan Pretorius
4. **Die groot gedagte** - Gideon Joubert
5. **Afrikaner Afrikaan** - Frederik van Zyl Slabbert

Kalahari.net



# Public library workplace in the new millennium

DR FRANSIE TERBLANCHE  
Department of Information Science, Unisa

It is absolutely essential, for any public library that wishes to attain its objectives successfully, to manage all its resources efficiently and to utilise them optimally. The most important resource, which activates all the other resources is that of the human being, recently referred to as the 'human capital' of the organisation.

Since the change in the political dispensation in 1994, however, public libraries in South Africa experience mounting pressure to play a leading role in respect of education and the development of youth, to support adult education and engage positively in community development projects. A further responsibility of the public library is to supply information to the community to assist decision making and successful community development. To complicate matters, this shift in emphasis in the public library's objectives has to be managed and brought to fruition under the following conditions:

- ~ a difficult financial climate
  - ~ an extended corps of users with changing and more demanding requirements and
  - ~ technological challenges.
- To manage these challenges in the public library workplace, it is essential that all resources, especially human resources, be utilised as effectively as possible in accordance with their expertise and abilities. Employees

find themselves in three work environments in the workplace, namely the job content environment, the job context environment and the external environment. A variety of factors which can influence the performance of the public library, and therefore the utilisation of employees, are present in these environments.

In an empirical investigation which was undertaken in 1998 in public libraries in South Africa, four factors were identified which can influence the utilisation of human resources in the public library workplace, namely:

- ~ the general attitude of the employee to the task and the profession of public librarianship

- ~ training and development of employees
  - ~ information technology
  - ~ career management.
- Only the first factor emerged positively from the study, while the other three performed negatively. Given the background and the fact that public library employees have a positive attitude to their task, what can be done to prepare them for the public library workplace in the new millennium? Among others the following issues are important.

## Think and work strategically

When formulating the vision, mission, aims, objectives and policies it is important to determine:

- ~ what is your business?
- ~ who are your clients/users?
- ~ what are the needs of your clients/users?
- ~ what value can the public library add to the client/user needs?

From this point, whether you are on top management level or an assistant, you are part of the team, to take that extra step in order to render an excellent public library service to the community. Aspects which I would like to highlight from the strategic approach are:

- ~ from a situation audit you must be able to set key performance areas for the individual and/or the library (that implies those areas in which performance is essential for the success of an excellent public library service)
- ~ are the necessary financial, physical and human resources as well as the expertise available?
- ~ the external environments are forcing the public library to be aware of global trends, but it could be a challenge to the public library to apply global trends/developments to the local needs of the library and the community.

The public library workplace is challenged to change its traditional way of doing things/approaching its task in order to become an information and knowledge enabler for the community - traditional users and non-users.

## Challenges in the digital environment

The public library workplace can utilise the opportunities offered by the digital environment to market itself. Possibilities are:

- ~ design a website for the library
- ~ install links between the public library website and the websites of schools, museums, travel agents or any

other institution from which users can get access to relevant information

- ~ design websites for user groups in the municipality, for the councillors, city engineers, the clinic, the fire brigade, the parks and recreation board and tourist attractions
  - ~ market your library through the Intranet
  - ~ become a cybercafé for the community
  - ~ use the World Wide Web as a business enabler.
- The public library has the potential to become the centre for those wishing to use global information sources, and whose circumstances do not provide them with access to it from home.

## Public libraries and the telematic society

What challenges does the telematic society put to the public library? The following are a few practical ideas to consider:

- ~ use information technology (IT) to duplicate important sections in books for students - keep the original in a special reference section
- ~ use money allocated for books to pay for copyright and buy less books, but have sections of relevant information available to users
- ~ smaller public libraries in the rural areas can provide access to information via the Internet and other IT applications which may not be available through the written word
- ~ collect information from government departments/institutions, non-governmental organisations and local tourist information kiosks, design pamphlets from the information gained and store it in the library collection. The Friends of the library could assist in this task
- ~ cooperation between schools/universities/technikons and distance tertiary institutions is important. In some provinces initiatives have been started between public libraries and the tertiary institutions which is very positive
- ~ public libraries will contribute to the success of information literacy and *Curriculum 2005*, if they embark on literacy and information literacy campaigns in order to guide the youth to be able to investigate, to compare, to think and write logically and critically and to eventually become independent thinkers and researchers.

## How to manage these challenges

There are two main problem areas:

- ~ finances
- ~ human resources.

As was stated in the introduction, the empirical research indicated that public librarians in general have a positive attitude towards their task and their profession. Therefore **the employee** is the key factor in changing the public library workplace, to meet the challenges and demands of the year 2000 and after wards.

It will depend on the ability and attitude of human resources to manage and find solutions to the first problem. Seeing that a policy is such an important aspect in strategic management, public libraries can start with the United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) Public Library Manifesto and adapt it to the South African context. It can be used as a document

to negotiate with local and other authorities, and the application of advocacy skills will be important to succeed.

## Suggested initiatives

National priorities should be listed, but every individual public library and employee should list priorities. They should not wait on the Library and Information Association of South Africa (LIASA) or local authorities. Public libraries are familiar with their own environment, their own strong and weak points. It will have to be the role of the public library staff to initiate joint ventures with businesses and individuals/experts in the community, and to negotiate with various stakeholders.

They will have to perform a public relations role to obtain the financial support and goodwill from all stakeholders to be able to serve the various user groups, as well as non-users of the public library.

In the public library workplace of the future it will be expected from public librarians to think and act proactive in the design and delivery of services. It will be important for public library staff to be creative, to take initiative, to manage their own development and growth, to be entrepreneurs and to be multi-skilled in order to introduce changed and better procedures and inspire teamwork in order to create a learning environment in the public library as an organisation.

## Conclusion

Access to information is at the core of public library activities, and decisions must be taken with this at the forefront of all planning. The increase of digital resources of information by extended user groups have changed the workplace of the new millennium as well as the expertise of all the employees of the public library.

*It will be important for public library staff to be creative, to take initiative, to manage their own development and growth, to be entrepreneurs and to be multi-skilled*

## ABOUT THE AUTHOR...

*Dr Fransie Terblanche is a senior lecturer in the Department of Information Science at Unisa for the past 20 years. Her teaching responsibilities are the management of library and information enterprises, information management and knowledge management on undergraduate as well as postgraduate levels. She is also study leader for Masters students who are doing research on various managerial aspects in library and information services.*

*She has a special interest in human resources management and did intensive research on the utilisation of human resources in public libraries in South Africa for her doctoral research.*

# KURRIKULUM 2005

## leerders ouers en opvoeders

LUDWIG H NELSON

Adjunkhoof: Hendrik Louw Laerskool


As gevolg van die eise wat **Kurrikulum 2005** aan leerders stel, is hierdie artikel daarop gemik om bibliotekarisse in te lig en voor te berei op die talle navrae van gebruikers waarmee hulle gekonfronteer kan word.

Die veranderings en geleenthede wat **Kurrikulum 2005** meebring, bied aan alle rolspelers in onderwys en opleiding talle opwindende uitdagings. Dit vereis 'n verandering in die tradisionele benadering wat elke rolspeler tot onderwys gehad het.

Leerders, ouers en opvoeders moet hulself egter deeglik voorberei vir die dramatiese veranderings wat binne die hele stelsel vir onderwys en opleiding sal moet plaasvind om **Kurrikulum 2005** suksesvol te implementeer.

### Leerders

In die klasse van ouds het leerders hoofsaaklik stil en op hul eie gewerk wanneer hulle selfwerkopdragte gekry het. In **Kurrikulum 2005** moet leerders steeds op hul eie kan werk, maar in teenstelling met die ou benadering, moet leerders



Ludwig Nelson en sy vrou, Elmire, by hul seuns, Ludwig, Heinrich en Brink

Foto: Maryke Roberts vir Die Burger

meer gereeld met ander in 'n groep saamwerk en gedagtes en idees uitruil. Interaktiewe leer is dus 'n besondere kenmerk van hierdie vernuwung.

Leerders moet onder leiding van hul opvoeder sêlf meer by hul ontwikkeling betrokke raak, eerder as om te verwag dat die opvoeder alléén die verantwoordelikheid moet dra dat leer plaasvind. Die leerders moet nou beseft dat die wêreld, en nie meer net die opvoeder en die skoolgebou nie, hul 'klaskamer' is.

Van leerders word daar nou veel meer verwag as die gebruikelike tuiswerk en enkele toetse en eksamens in die ou stelsel. Daar is op nasionale vlak kritieke en spesifieke uitkomstes bepaal wat vir alle leerders geld. Die uitkomstes verseker dat leerders nie slegs sekere inhoud moet onthou nie, maar ook 'n verskeidenheid vaardighede moet baasraak, sekere houdings en waardes moet ontwikkel en moet kan demonstreeer.

Die uitkomstes wat die leerders moet demonstreeer, sowel as die kriteria waaraan leerders se optredes evalueer gaan word, word vooraf in die vorm van taakaanduiders aan die leerders voorgehou. Hulle, sowel as hul ouers, weet dus presies wat van hulle verwag word.

Deurlopende evaluering vereis dat leerders dwarsdeur die jaar sal werk en ontwikkel. 'n Verskeidenheid deurlopende evalueringmetodes word gebruik om inligting in te samel waarmee opvoeders leerders se vordering evalueer op weg na die uiteindelige demonstrasie van die uitkomstes. Dit bied aan leerders 'n beter en groter verskeidenheid geleenthede om te toon hoe hulle as totale persone ontwikkel.

Omdat leerders se vordering teen hierdie vasgestelde kriteria beoordeel word, 'kompeteer' hulle nou slegs teen hulself en nie meer teen 'n maat, of 'n klas- of standerdgemiddelde nie. Daar word dus van 'kriteriumgerigte evaluering' gepraat in plaas van 'normgerigte evaluering'.

### Ouers

Die omwenteling in die onderwys verg van ouers om baie nouer by hul kinders se opvoeding betrokke te wees en 'n aktiewe bydrae tot hul kinders se sukses te lewer. Dit is nie

meer hoofsaaklik die skool en die opvoeders wat, in relatiewe isolasie, verantwoordelik is vir die leerders se akademiese opvoeding nie.

Die nuwe onderwysstelsel verskil sterk van die waaraan ouers blootgestel was; daarom sal hulle moontlik in baie opsigte tyd nodig hê om daaraan gewoond te raak. Dit is belangrik dat ouers weet wat die veranderings behels en hoe dit hulle en hul kinders raak. Ouers moet hulself bemaagtig deur, byvoorbeeld, soveel moontlik leesstof omtrent die onderwerp te bekom en hulself van die veranderings te vergewis.

Elke skool vorm deel van 'n bepaalde gemeenskap. Dit is die gemeenskap se plig om bydraes tot die ontwerp van hul skool se breë plan vir onderrig en leer te maak. Dit beteken dat die gemeenskap in die breë kan bepaal aan watter soort opvoeding die leerders blootgestel moet word. Vir ouers is daar op die vlak verskillende maniere om betrokke te raak.

Die nuwe benadering ten opsigte van die onderwys, sowel as die huidige opvoeder-/leerderverhouding verg besondere onderrig- en leerstrategieë. Enkelouers, en ouers wat albei 'n betrekking beklee, kan dit moontlik moeilik vind om te voldoen aan die hoër eise wat die andersoortigheid van hul kind se tuiswerk aan hulle tyd en aandag gaan stel. Indien ouers egter wil sorg dat hul kinders suksesvol gaan wees in 'n snelveranderende wêreld waarin inligting geweldig toeneem, sal hulle die ekstra tyd moet afstaan.

Nou sien baie ouers hulle taak waarskynlik as een waar hulle hoofsaaklik hul kinders ondersteun deur toe te sien dat hulle hul tuiswerk doen en waar hulle vrae vra om te sien of kinders hul werk gememoriseer het - wat natuurlik nog glad nie beteken dat die kind die werk verstaan nie. Hierdie rol sal moet verander. Ouers sal moet toesien dat hul kinders deurlopend werk. Hulle sal moet toesien dat leerders selfdisipline ontwikkel om elke dag vir 'n spesifieke tyd lank op hul eie werk te beplan, dit te doen, in te oefen, op te som, te hersien, te verbeter, ensovoorts.

Let wel, die kind se tuiswerk moenie vir hom/haar gedoen word nie, maar die ouer moet, byvoorbeeld, help met die verkryging van bronne, die benutting daarvan en die nodige raadgeewing. Die uitgangspunt is dat die opvoeder nie die enigste persoon is by wie leerders leer nie, maar dat leerders ook gelei moet word om self te leer en dat hulle ook van ander mense, anders as die opvoeder, mag leer.

Opvoeders verskaf inligting oor leerders, wat hulle deur middel van deurlopende evaluering bekom, met reëlmaat aan ouers in 'n verslag, sodat ouers voortdurend op die hoogte van hul kinders se vordering kan bly. Die verskeidenheid evalueringmetodes maak dit vir opvoeders sowel as ouers makliker om afleidings uit leerders se werk te maak. Hulle kan nou meer spesifiek sien met watter afdeling van die werk die leerders probleme ondervind.

Opvoeders, ouers self of iemand wat hulle huur, kan nou, indien nodig, aandag aan leerders se probleme gee.

### Opvoeders

Van al die rolspelers, stel die nuwe onderwysbenadering miskien die hoogste eise aan die opvoeder wat in die klaskamer uitvoering daaraan moet gee. Ouers moet beseft dat die vernuwung nie oornag sal geskied nie en dat hulle die opvoeders, tot hul eie kinders se voordeel, nou meer as ooit sal moet ondersteun om die nuwe stelsel te laat slaag.

Opvoeders is feitlik almal produkte van die 'ou' onderwysstelsel en het opleiding ontvang volgens die metodiek wat daarvoor gegeld het. Sels sommige opvoeders se jarelange ondervinding is nou in talle opsigte van min waarde. 'n Mens kan begryp dat dit baie opvoeders ontstel en onseker maak.

Amptelike opleiding wat tans aan diensdoende opvoeders gebied word om die nuwe kurrikulum te implementeer, is beperk tot die blote minimum en dit sal ongetwyfel nog jare duur voordat alle opvoeders al die veranderings, waarvan sommige kompleks is, onder die knie het. Die opleiding geskied meesal op 'n indiensopleidingbasis, met ander woorde, onder omstandighede waar normale skoolaktiwiteite voortgaan. Dit plaas groot druk op opvoeders aangesien dit hul werkklading geweldig verhoog.

Die nuwe benadering vereis dat die onderwyser van ouds - wat voor in die klas gestaan en die meeste van die

*Die nuwe benadering vereis dat die onderwyser van ouds se rol nou verander na een van bemiddelaar en fasiliteerder*

praatwerk gedoen het terwyl die leerlinge moes luister - se rol nou verander na een van bemiddelaar en fasiliteerder.

As bemiddelaar skep die opvoeder die struktuur waarbinne leer moet geskied. Die opvoeder kies, byvoorbeeld, die response waarop hy of sy gaan konsentreer en beplan en skeduleer leerervarings, evaluering en rapportering.

Die opvoeder as fasiliteerder sien toe dat leerprosesse gladweg verloop. Hy/sy monitor gedurig of leerders sinvol besig is, of hulle take verstaan en die nodige materiale het, mekaar nie steur nie en of groepe effektief funksioneer. Leerders mag nooit aan hul eie lot oorgelaat word nie. Hulle bly die opvoeder se verantwoordelikheid.

Ook wat evaluering betref, word nuwe eise gestel. In plaas daarvan dat opvoeders slegs tydens enkele geleenthede (gewoonlik aan die einde van 'n kwartaal) en op beperkte wyses evalueer, moet hulle nou deurlopend

geleenthede skep om leerders op verskeie wyses te evalueer. Hoewel die opvoeder die belangrikste persoon bly wat evalueer, sal hy/sy per geleentheid ook leerders toelaat om hulself, hulle maats en hul groep te evalueer. Ouers kan ook hul kinders evalueer.

Terselfder tyd moet opvoeders die evalueringsoes gebruik om die sukses van hul leerprogramme te monitor en voortdurend aan te pas volgens die behoeftes van die leerders. Deur evaluering kyk die opvoeder dus nie net na die leerder se vordering nie, maar ook na sy eie beplanning.

Opvoeders wat tot nou toe daaraan gewoond was dat leerders hoofsaaklik stil en rustig met hul eie werksaamhede in die klas besig was, sal nou daaraan gewoond moet raak dat daar, as gevolg van groepwerk, dikwels meer klank en beweging in klaskamers gaan wees.

Waar inhoude tot nou toe op 'n vakbasis, en dus hoofsaaklik geïsoleerd aangebied is, vereis die nuwe kurrikulum

Geïntegreerde onderwys sal afbakening van vakke laat vervaag en verhoed dat daar leemtes tussen leerareas ontstaan omdat die een opvoeder nie presies weet wat die ander met die leerders behandel het nie

dat leerders op 'n meer geïntegreerde, holistiese wyse en in konteks van die werklikheid moet leer. Leerprogramme moet dus by mekaar inskakel en aansluit by die werklike lewe.

Dit is slegs met ondervinding dat opvoeders gewoond sal raak aan die holistiese benadering. Opvoeders met persoonlike voorkeure vir sekere 'suiwer' vakke, sal dit te bowe móet kom en hulself in die meer geïntegreerde benadering moet skool. In die Verdere Onderwys- en Opleidingsband (grade 10, 11 en 12) sal 'n vakspecialiste' egter steeds 'n rol speel.

Deel van hierdie holistiese benadering in Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is dat daar nie iets soos nie-eksamenvakke is nie. Alle leerareas dra by tot leerders se ontwikkeling en het verwagtinge wat deur hulle gedemonstreer moet word.

Klasonderwys, waar die opvoeder verantwoordelik is vir alle of die meeste leerareas binne 'n klas, sal vakonderwys, waar die opvoeder vir 'n spesifieke vak verantwoordelik is, vervang. Hierdie verandering sal meehelp dat geïntegreerde onderwys meer doeltreffend plaasvind. Dit sal afbakening van vakke laat vervaag en verhoed dat daar leemtes tussen leerareas ontstaan omdat die een

opvoeder nie presies weet wat die ander met die leerders behandel het nie.

Die agt leerareas wat nou die raamwerk vir kurrikulumontwikkeling vorm, is slegs die kern waarom geïntegreerde leerprogramme deur opvoeders self met 'n groot mate van vryheid saamgestel moet word. Hierdie leerprogramme is veel meer kompleks as die vaksillabusse wat deur die Departement van Onderwys voorsien is en waaraan die meeste opvoeders gewoond is.

In die verlede is leerders met spesiale onderrigbehoefes (dit sluit begaafde leerders in) uit hoofstroomonderwys (gewone klasse/skole) geneem en in afsonderlike klasse of skole vir gespesialiseerde onderwys geplaas sodat daar aandag aan hulle spesifieke behoeftes gegee kon word. Die nuwe inklusiewe benadering is dat daar vir die meeste leerders met spesiale onderwysbehoefes, oftewel leerders met leerblokkasies, ook in hoofstroomonderwys voorsiening gemaak moet word.

Dit is dus elke opvoeder se verantwoordelijkheid om enige leerder te alle tye te ondersteun. 'n Probleem, byvoorbeeld, 'n leesblokkasie, mag nie meer as net die remediëronderwyser se verantwoordelijkheid gesien word nie.

## Ten slotte

Die koms van Kurrikulum 2005 bring mee dat daar vir die eerste keer in 'n baie lang tyd weer met nuwe opvoedkundige perspektiewe indringend na die onderwys gekyk word. Afgesien daarvan dat UGO nou Inhoudsgebaseerde Onderwys vervang, is daar vele ander veranderings wat ten goede plaasvind en wat leerders bevoordeel.

Onderwys in 'n voortdurend veranderende wêreld moet dinamies wees en mag nooit stagneer nie. Leerprogramme moet voortdurend aangepas word om relevant te bly.

## DIE SKRYWER...

Ludwig Nelson was agt jaar voorsitter van die Wetenskapvereniging by die Parow Onderwysentrum en het op verskeie komitees gedien, onder andere, die Departement van Onderwys se Silabus-komitee vir Wetenskap, asook die departement se Boekkeurings- en Assesseringskomitee. Verder het hy ook op die Provinsiale Natuurwetenskap-komitee gedien.

Hy het reeds verskeie dagseminare in Wetenskapopleiding en Begaaftekindopleiding aangebied asook indiensopleiding aan vakadviseurs, skoolhoofverenings- en ouers.

Hy het talle artikels vir verskeie koerante, onder andere, **Die Burger** en die **Beeld** geskryf en tree op as projekteur by die skryf van 'n interim **Natuurwetenskap Handboek vir Kagiso-uitgewers**. Hy was ook die skrywer van die opleidingsboek, **Skoolvernuwing deur Kurrikulum 2005** 'n praktiese gids vir opvoeders en ouers.

Hy beskik oor 'n Hoër Onderwysdiploma, 'n BA-graad, en 'n B.Ed.-graad.

## JOHAN SWIEGELAAR

Hoof: Wes-Kaapse Biblioteekdiens

Verskeie aspekte rondom openbare biblioteke en hul dienslewering, en wel teen die agtergrond van die aanvang van 'n nuwe millennium, het deeglike dekking geniet in die November/Desember uitgawe van hierdie tydskrif. Mens sou jouself kon afvra of enige verdere bespreking hiervan nog nodig is.

Nie net in die gees van 'n nuwe tydperk se nie, maar ook in die algemene gees van vernouing, transformasie en veelvuldige uitdagings moet die antwoord: ja, wees.

Die tydperk waarin ons ons tans bevind is opwindend en positief en gaan verseker aanleidend gee tot deurlopende besinning en evaluering van openbare biblioteekdienste met die gevolglike pro- en reaktiewe optredes wat hieruit mag vloei. Om 'n presiese langtermyn vooruitskouing te gee van die aard van en tendense in die openbare en provinsiale biblioteekdienste in Wes-Kaapland sal profetiese vermoëns verby die uiterste beproef. Hiervoor hoef mens slegs maar te let op die dinamiek van ons sosio-ekonomiese omgewing. Voeg hierby die geweldige tempo waar teen die tegnologie in die algemeen, maar ook die inligtingstechnologie (IT) spesifiek, ontwikkel. Dit gee die vergelyking soveel veranderlikes dat die voorspelling van 'n langtermyn toekomstlik voorbarig mag wees.

Ongeag die effek van 'n veranderende omgewing - 'n faktor wat hopelik die openbare biblioteek as instelling positief sal beïnvloed - kan steeds gekyk word na verwagte leemtes, tekortkomings en geleenthede op die kort en medium termyn en strategies beplan word om die uitdagings te ontmoet.

Openbare biblioteke gaan die afgelope vyf jaar reeds gebuk onder geweldige druk op hul menslike hulpbronn. Die huidige personeelvoorsiening by openbare biblioteke in die algemeen is in die orde van 50% van die minimumstandaard. Die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens het ook nie heeltemal aan hierdie druk ontsnap nie. As gevolg hiervan is daar vinnig binne die Biblioteekdiens geleer om slimmer te werk om sodoende die druk deels te neutraliseer. Tog het dit gelei tot 'n wisselende graad van afskaling in sekere belangrike dienste soos opleiding van openbare biblioteekpersoneel, navorsing in gebruikspatrone en behoeftes, asook uitbouing in audiovisuele materiaal dienste en ondersteuning van die CPALS gerekenariseerde stelsel, om maar net 'n paar te noem.

En van die hoogste prioriteite sal wees om die menslike hulpbronn in pas te hou met die behoeftes van die biblioteekgebruikers van die provinsie. Van groot belang hier is die invloed wat die samesmelting in 'n megastad van die huidige plaaslike owerhede in die metropolitaanse gebied van Kaapstad, sal uitloef.

Die evaluering van die menslike hulpbronn van die Provinsiale Biblioteekdiens het reeds die afgelope jaar aandag gekry en die eerste goedkeuring in hierdie verband word vroeg in 2000 verwag. Hierna sal die uitdagings rondom die implementering volg.

Tweedens bestaan daar weinig twyfel dat die biblioteekmateriaal wat die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens tot dusver aan geaffilieerde openbare biblioteke kon verskaf, van 'n hoë gehalte, omvattende dekking en wye

# JAAR 2000

spektrum ten opsigte van formaat getuig. Biblioteekgebruik in die Wes-Kaap het die afgelope vyf jaar met meer as 30% gegroei en die getal geregistreerde gebruikers by geaffilieerde openbare biblioteke met 35%. Dit is in enige openbare biblioteekterme 'n buitengewone prestasie. Gedagtig daaraan dat hierdie groei sal voortduur, sal die befonsing van materiaal aankope deurlopende en deeglike besinning verg. Dit raak per slot van rekening die werklike kernbesigheid van die Biblioteekdiens.

Daar bestaan 'n wesenlike behoefte om openbare biblioteekdienste verder uit te brei na inwoners wat nog oor geen of onvoldoende dienste beskik. Hier word veral aan die snel verstedelike, sowel as die verafgeleë plattelandse areas gedink. Hierdie uitdaging lê ernslyds voor die deur van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, en andersyds voor dié van die nuwe strukture van plaaslike owerhede wat binne die volgende 12 maande tot stand sal kom. Dit beteken meer biblioteekgeboue wat opgerig moet word, sowel as

aansienlik meer biblioteekmateriaal om hierdie biblioteke te bevoorrad. Die Biblioteekdiens sal dan ook in sy beplanningsraamwerk poog om deeglik voorsiening te maak vir bystand aan die owerhede van hierdie verwagte nuwe toevoegings tot die biblioteek-netwerk. Die volgende drie jaar sal na verwagting 'n minimum van sewe nuwe projekte en opgraderings meebreng.

Meer spesifiek sal die volgende fasette in die onmiddellike toekoms aandag geniet:

~ ondersteuning van doelmatige wetgewing vir die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens

~ herbevestiging van vennootskapsverhouding met plaaslike owerhede in die lewering van openbare biblioteekdienste

~ maksimum bystand - binne die perke van bekombare fondse - aan plaaslike owerhede om biblioteekgeriewe op te rig vir inwoners wat oor geen of ontoereikende dienste beskik

~ deurlopende hersiening van aksies rondom die bevordering van openbare biblioteekgebruik (insluitende publikasies soos die **Kaapse Bibliotekaris**)

~ kapasiteitsbou by openbare biblioteke en bemagtiging van plaaslike personeel deur omvattende opleiding en toelging van hierdie personeel

~ insluiting van nuwe formate biblioteekmateriaal wat die tegnologie oplewer en welke materiaal 'n sinvolle toevoeging is vir openbare biblioteekgebruik.

Uiteindelik is ons missie vir die nuwe tydperk om die lewensgehalte van alle inwoners van Wes-Kaapland te verhoog deur biblioteekowerhede in staat te stel om 'n gehalte openbare biblioteekdiens aan die gemeenskap te lewer.

Biblioteekgebruik in die Wes-Kaap het die afgelope vyf jaar met meer as 30% gegroei en die getal geregistreerde gebruikers by geaffilieerde openbare biblioteke met 35%. Dit is in enige openbare biblioteekterme 'n buitengewone prestasie

# Meeting 120 instant friends - and an Empress

JAY HEALE  
Children's Book Specialist

Imagine a country where there is no litter, no need for tipping, where people take pride in being honest and where unemployment is under five percent. Imagine a country where trains depart and arrive on time, where ticket inspectors bow to you and where children as young as eight travel safely by themselves on public transport. Imagine (if you can) a country whose young readers have not heard of Enid Blyton. This country is Japan.

In October 1999 I made an incredible ten day visit to Japan. Because the President of IBBY (the International Board on Books for Young People) was Japanese, the IBBY Executive Committee had been invited by the Japanese IBBY section (JBBY) to hold its autumn meeting in Tokyo. All accommodation would be provided. In response to my plea of poverty, the Japan Foundation agreed to reimburse my travel expenses if I would give some talks while I was there. Naturally, I agreed! These talks had to be sent about a month in advance so that they could be translated in time.

So I arrived in Tokyo. In terms of inhabitants I think it is the largest city in the world.



Statue of the story of Sadako. Still today children make garlands of paper cranes for the Peace Park in Hiroshima

Jay Heale with his new friends at Kunitachi Primary School

Let me give you an idea of its size. It takes a minimum of one and a half hours by bus on a freeway to drive from its international airport, Narita, in to central Tokyo. This is roughly equivalent to having Cape Town airport in the Hex River Valley.

For my first talk I was escorted by a charming young lady, who spoke perfect English, on to the Shinkansen (bullet train) and we sped off (exactly on time) to the west, passing Mount Fuji capped with snow. I delivered my talk about IBBY and the Hans Andersen Awards to an adult audience of about seventy at Okayama University. Then we had supper at the home of Professor Waki who had organised this invitation. We ate beautifully presented food such as octopus, chicken with grapes and many vegetables and drank French white wine.

The next day we went further west by train to Hiroshima where I was met by the local members of JBBY - rather similar to our own South African Children's Book Forum (SACBF). They escorted me round the Peace Park built in sad memory of the 1945 atomic bomb and they gave me a fine Italian lunch afterwards. Do you know the story of Sadako - a real girl, little more than a baby at the time of the bomb? Nine years later she developed leukemia as a result of the radiation and sickened rapidly. She knew the Japanese legend which said that the crane lives for a thousand years so if you fold one thousand paper cranes, the gods will grant you one wish. She started making paper origami cranes and had completed 644 by the time she died in 1955. Her



Cape Libr., Jan/Feb 2000  
14

CONTENTS / INHOUD

**Meeting 120 instant friends - and an Empress**  
Jay Heale on the IBBY meeting in Japan 14

**Opvangbak van die Woordsmede**  
Madeleine du Plessis gee ons 'n voorskou van Nuwe Woorde 15

**Ontmoet die Limeriekman**  
Philip de Vos oor homself 16

**Die dinge van 'n kind**  
Swellendam Leeskring bespreek Van der Vyfer se eerste roman 17

**Angela's ashes as outobiografiese literatuur beskou**  
George Leeskring se bespreking van Frank McCourt se Pulitzer Pryswenner 18

**Irish realism**  
Denise Harris takes a look at Irish authors 19

**Anglo-Boereoorlog - 'n geselekteerde biografie**  
'n Lys nie-fiksie deur Elizabeth de Roubaix 20

classmates folded the remaining 356 cranes so that she could be buried with a thousand. This true story caught the imagination of many and has been turned into a book and a film. In the Peace Park at Hiroshima stands a statue to Sadako, with a golden crane flying above her head. Around it, still today, are banks of cranes made into garlands by children. A most moving sight.

**Sadako**, written by Eleanor Coerr and published by GP Putnam's Sons, New York, is beautifully illustrated by Ed Young, one of the nominees for the Hans Andersen Awards 2000.

Having whizzed back to Tokyo in another Shinkansen (they all have names: this one was *Hikari*, meaning light) I then sallied off to speak at Kunitachi Primary School (in Tokyo) on the Monday morning. This was an

experience never to be forgotten. All the adults I had met treated me with exaggerated respect and politeness. These ten-year-olds showed me no respect at all. They pushed me, interrupted me, even trod on me. I had to earn their respect the hard way. With my interpreter following close behind, I gave the children a 'Journey round South Africa' using slides of book illustrations and actual scenes. This was well received. Having survived break time by announcing that I only ever signed one autograph and that had just been done, I changed into the African caftan which I call my story-telling robe. I then gave them a piece of animated storytelling based on Barbara Rowland's story, *The little tree from the Storyland* collection published by Tafelberg. I had renamed this story *The gentle elephant* and my new 120 friends decided that was an apt name for me!

It appears that my partly acted storytelling was something quite new in Japan. The following day the Executive Committee was invited to a library where an audience of adults was listening to stories. They met once a month and took the stories away to repeat them in schools, libraries, hospitals and homes. The storytellers used no body language and hardly any change of voice. When I was asked for a repeat performance, my animated animal noises had them mesmerised. Several thanked me afterwards, and many others skirted nervously round me!

The attitude of the children still perplexes me. There is, I gather, virtually no discipline in school - certainly not corporal punishment. Children are loved and valued, perhaps somewhat spoilt. Yet the pressure to succeed results later in a frightening number of teenage suicides. Perhaps shades of the prison house close in, as they do here in South Africa. As soon as children start in high school they have the ogre of matric looming ahead.

But I haven't told you of the Empress yet. Our Japanese IBBY President, Tayo Shima, was a school friend of the now Empress Michiko who is regarded with the same sort of venerable veneration as the Queen Mother in England. The Empress has taken children's literature as her particular project and has translated and written one or two books herself. That was how the IBBY Executive received an invitation to a private audience at the Imperial Palace.

Don't ask me about the Palace. We arrived in the dark, so I never saw much of the Palace at all. The rooms were traditional Japanese with sliding wall panels of wood

and rice paper. On display were items from the Empress' personal collection: original children's book illustrations and a first edition of **Winnie-the-Pooh**, signed by Ernest Shepard. The Empress arrived wearing a blouse and skirt in European style, white with blue flowers. She spoke good English, very quietly. We were allowed two minutes each to introduce ourselves, after which plates of snacks and fruit juices were brought in and there was time for a little general conversation. I mentioned that South Africa would host an IBBY Congress in 2004. Empress Michiko swiftly asked: 'How many IBBY countries are there in Africa.' 'Not enough,' I said. (The countries are Ghana, Tanzania, Egypt and, until recently, Kenya.) The Empress wished us well with our preparations. To my amazement, she then walked with us to our bus and stood there waving us goodbye.

During the two day meeting of the IBBY Executive, I presented a progress report on IBBY 2004 which seemed to meet with approval. The IBBY treasurer did remark: 'I can see all your expenses most carefully set out, but where is the income?' I answered that there isn't any. That is something which we are working on. Any donations from readers of the **Cape Librarian** will be gratefully received! I handed out necklaces of Zulu beadwork adorned with our national flag and very soon all the members of the IBBY Executive Committee were wearing the South African flag. Good publicity!

We had a one day outing by bus to the Azumino Chihiro Picture Book Museum which is more of an art gallery than a museum. The collection is based on the

work of Chihiro, a highly popular illustrator of Japanese children's books, which has grown into an international collection with originals by illustrators such as Maurice Sendak, Arnold Lobel, Pat Hutchins, Charles Keeping, et cetera. In the public park outside are rock and underwater sculptures. It is a most impressive and popular place. They take children's books seriously in Japan and they translate many European language books into Japanese. From South Africa I spotted titles by Lesley Beake, Marguerite Poland and Niki Daly. But their children read mass market rubbish as well, mostly in the graphic novel format. Japanese is an intriguing language. If written horizontally, it reads from left to right; if written vertically (in the same characters), it goes from right to left.

I spoke, while I was there, of the way that books can build bridges - a bridge between author and reader, a bridge which needs to be built from both sides. But later I was in a position to place a few bricks in place for a bridge between South Africa and Japan. They welcome such links. For example, I was the first ever visitor from abroad at Kunitachi Primary School. There is a clear opportunity for schools in our country to be linked, even if briefly, with schools in Japan. They could exchange drawings or photographs. Japanese children know a little English and are proud to show it off!

It is very curious for me to reflect that an interest in children's literature has resulted in my journeying to Japan as some sort of a book ambassador. In a way I was there on your behalf. May you visit Japan soon - in books, even if not in person.


## Opvangbak van die woordsmede

MADALEINE DU PLESSIS

Hoofredakteur, Pharos Woordboeke

Taal is die middel wat die mens gebruik om uiting te gee aan sy onbusbare drang om stories te vertel en inligting mee te deel. Dis seker dié dat die Prediker al sowat 30 eeue gelede kon sê: 'Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie.' Min het hy geweet dat die stroom 'n stortvloed sou word.

Kennis het ontloef, in ons tyd soos nooit



tevore nie, en alles moet 'n naam hê of kry, ook die geestesiekte wat by sommige mense as gevolg hiervan ontstaan (inligtings-vermoedheidsindroom). Daarsonder is kommunikasie nie moontlik nie.

Dis waar woordeboeke ter sprake kom: Hulle teken die uitstorting van die tegnologiese en kreatiewe woordsmede op en gee verklarings of vertalings daarvoor sodat gewone sterflinge op 'n manier kan bybly in 'n wêreld wat duiselingwekkend vinnig verander.

Samuel Johnson had net ten dele gelyk toe hy 'n woordeboekmaker gedefinieer het as 'n 'harmless drudge'. Dis waar, dié spesie is 'n onskadelike werkesel, maar sy definisie sê vir jou niks van die verwonderinge van die woordwêreld nie. Om 'n woordeboek te maak, is soos om Tafelberg se Skeletonkloof op 'n snikhete Februariedag aan te durf en halfpad boontoe bedenkinge oor jou maligheid te kry. Maar kom jy bo waar die disas in hul volle glorie in die Eggvallei en langs die ou geboude watervoor staan, is die moeg skoon weg. Want iets gebeur met jou.

So was dit ook met **Nuwe Woorde** (sien voetnoot). Hoewel dit klippe kou gekos het om 'n stuk of tien Engelse woordeboeke deur te werk vir die eiening van woorde (oud en nuut) wat in ons standaard-Engels-Afrikaanse handwoordeboeke ontbreek, het die heerlike guttigheid van Afrikaans soos 'n bruisende energiedrankie gewerk. Kyk net so:

**aquatube** waterwurm  
**big dipper**, **roller coaster** tuimelreën

**bodice ripper** (infrm.: hartstogtelike liefdes-verhaal) hygroman, korsetknakker  
**bungee** (catapult) brugkettie  
**channel hopping** TV-roelet/roulette  
**chop shop** (sl.) motorslaghuis (waar gesteelde motors uitmekaar gehaal word)  
**couch potato** (sl.) TV-slaaf, kassiekneg, rus-banksitter, stoelpatat, sofapokkel  
**curry bunny** kerrievetkoek  
**fat cat** (infrm., neerh.) geld=, kapitaalvraat, geiljan, blinklyf, kripstaner  
**fat head** klapperdop  
**gigolo** (betaalde minnaar [v. ouer vrou]) gigolo, houman, bedjonker  
**glitterati** (infrm.) glansmense, stralerkliek, gala-aanders, blinkvinkie  
**heavy breather** (oor d. telefoon) hyger, hygswyn  
**himbo** (sl. skerts: aantrekklike jong man met min tussen d. ore) dom Juan  
**megalomaniac** magvraat  
**mellow yellow** (SA township sl.: [geel] polisievangwa) kanariekar, =wa  
**namedropper** naamsmous  
**pager** roepradio  
**psych(e) someone out** (infrm.) iemand met 'n hoogtoeg uitkyk  
**skinhead** poens=, skeerkop  
**smootherie** (infrm., gew. neerh.) gladdejan  
**snail mail** (skerts, gewone papierpos gestel teenoor elektroniese pos) trapsuutjie=, trap-soetjie=, slakkepos  
**souped-up** (infrm.) warmgemaak, opgewoema (motor, enjin); opgedollie (kos); opgewoema (liedjie) opgekikker (rekenaar, ensovoorts)  
**spin doctor** (infrm.): woordvoerder wat sorg

dat d. 'regte' boodskap d. wêreld ingestuur word) beeldpoetsers, kopdraaier, woordtoewenaar.  
Dis mos soepele skeppendheid wat jou tone laat omkrul van lekkerkry en mens laat besef: Alles kan in Afrikaans gesê word. En: Alles wat gesê word, lééf.  
Dié dinamiek het Hans Moleman van **de Volkskrant** nou onlangs laat skryf: 'Afrikaans heeft al een zekere reputatie als wieg van originele termen'. Hy waag dit selfs om te sê: 'niets hinder t ons enkele pareltjies uit het. Afrikaans op te stoten naar de volgende editie van het **Groot Woordenboek der Nederlandse Taal!**'

**Voetnoot**

Dit het twee mense (Madaline du Plessis en Jana Luther van Pharos Woordeboeke) 'n bietjie meer as drie jaar gekos om die woordeboek van, op een na, 300 bladsye saam te stel. Dis 'n werk wat 'n paar gate toestop en aanvullend tot Bosman, Van der Merwe en Hlemstra se **Tweetalige Woordeboek** gebruik moet word. Die inligting in dié tussentydse publikasie sal uiteindelik saam met PA Joubert se **Tweetalige Frasewoordeboek** neerslag vind in die vertroude standaardwerk, wat volgens beplanning sy negende, hersiene uitgawe in die jaar 2003 sal beleef.

**Afkortings (kursief)**  
infrm. - informeel  
sl. - slang  
neerh. - neerhalend  
v. - van  
d. - die  
gew. - gewoonlik

wêreld ontdek. Deur Riana was daar die wêreld van boeke. En ons twee het saam saam gelees: op die tapyt in haar slaapkamer terwyl ons smul aan Post Toasties met Enó's bo-oor gestrooi, en deur haar het ek later die plaaslike biblioteek ontdek. Met Mary-Ann langsaan was dit die wêreld van musiek met hulle opengrammofoon en ons twee wat geluister het na Bing Crosby en Ketelbey se **In a Persian market**. En dan was daar juffrou Ferreira, my stender twee onderwyseres by Laerskool Willem Postma wat ontdek het dat ek 'n stem het en my aan my eerste konsert laat deelneem het. En natuurlik my tante Mimmie in Kimberley met al haar wonderlike boeke. Later het al hierdie persone deel geword van my boek, **Karel van Krieketsstraat**.

Toe trek ons plaas toe en terselfdertyd is ek op Hoërskool Sentraal. Daar was kinders vir wie ek groot bewondering gehad het: Blanche Terblanche wat so mooi kon sing; Alva van der Walt wat so mooi kon skryf. Sy het selfs in die skooljaarblad geskryf oor goeters soos 'n *velocipede* terwyl ek maar net die woord *centipede* geken het. En Ferdinand Búkes wat kon versies skryf. En ek het gewens ek was ook so slim soos dié talentvolle kinders. Ek het in die skoolkoor gesing. Meneer Casaleggio het my stem gehoor en gesê: 'Eendag moet jy sanglesse neem'.

Daarna kom my universiteitsjare by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Pa wou hê ek moes in sy spore volg en 'n sake-man word, maar helaas - sou dit gebeur het, was sy besigheid al jare gelede bankrot. Toe studeer ek maar vir my BA met Afrikaans en Engels as hoofvakke saam met Tromp Schoeman wat later Karel Schoeman geword het. Maar dié jare is egter nie jare wat werklik uitstaan in my herinnering nie.

Daarna was dit die onderwys. Die kinders het my liefgehad, maar ek het besef ek is nie 'n onderwyser nie. In 1961 het ek in Bloemfontein begin sanglesse neem en ek koop toe ook vir my 'n goeie kamera - ding wat later belangrik sou word.

Die volgende jaar sing ek alreeds my eerste operalar. En in 1967 besluit ek ek moet Kaapstad toe verhuis. Nog steeds in die onderwys terwyl ek steeds solorolle in opera sing. Toe met 13 jaar onderwys agter die rug besluit ek om vryskut opera te sing. Vyf jaar daarna sê my ma: 'Jy kan nie so aangaan nie' en daar volg 'n yslike depressie, 'n tydperk van groot krisis en 'n senuwee-instorting en vir twee jaar is ek terug onderwys toe.

Ek besef toe dit was tog 'n fout, want ek is basies 'n persoon wat op my eie kreatiwiteit

staatmaak vir my selfoorlewing. In 1980 dus word ek lid van die eertydse Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste (KRUIK) se permanente operakoer. In hierdie jare het ek agtergekom dat ek kan skryf. Twee romans is afgekeur totdat Leon Rousseau vir my vra waarom ek nie versies skryf nie. Ek het nooit geweet ek kan nie, maar toe ek eers begin het, kon ek nie ophou nie.

In 1997 is ons almal afgedank en as ek oor die 17 jaar terugdink, wonder ek soms of dit verkwiste jare was, maar dan besef ek - in hierdie jare het ek begin skryf, en in die relatiewe kalm wêreld van die teater het ek nog een van my talente ontdek. In 1984 is **O togga, 'n gogga!** gepubliseer en nou is daar ongeveer 'n boek vir elke jaar.

En nou dat ek 'afgetree' het, het my fotografie weer oorgeneem en het ek tot dusver alreeds vyf solo-uitstallings van my foto's gehad. Als wat ek doen is intuïtief, en nou dat ek alles vergeet het wat ek op universiteit geleer het, kan ek skryf en sing en foto's neem.

Het ek iets geweet van tegniek, het ek seker veel minder uitgerig. Nou doen ek maar my ding en hoop dat ander mense ook so nou en dan piesier het uit dit wat ek probeer sê.

## Die dinge van 'n kind

### SWELLENDAM LEESKRING

Hierdie boek is Marita van der Vyfer se eerste roman na **Griet skryf 'n sprokie**. Laasgenoemde het letterlik soos 'n veldbrand versprei en verkoop. Baie resensente voel egter dat hierdie boek op **Griet** se rug ry.

Die verhaal open met Dalena. Dit is sy wat die vriendskap met Mart beklink: 'Stick with me, baby. Ek kan nie belowe dat ek jou famous sal maak nie. Maar jy sal fun hê langs die pad.'

#### Die verhaal

Die verhaal handel oor adolessente se drome en drifte rondom 1976. Dit was die mitiese jaar toe verandering in die Suid-Afrikaanse geskiedenis dramaties beslag gekry het. Volgens Marita van der Vyfer

handel dit oor die moraliteit van eierlikheid. Sy sê dit handel oor verwarde jongmense in die jare sewentig ... toe die Republiek sy stormagtige tienerjare beleef het. Terloops, sy sê die boek is nie 'n tweede **Griet** nie, en dit is die boek waaraan sy die hardste gewerk het.

Dit is 'n baie dig verweefde roman waarin verskeie gebeure afspeel:

- die twee meisies se belewenis van die koshuis
- die huise van Mart en Dalena
- Mart se ontmoeting met Pierre
- Dalena se ontmoeting met Simon
- die selfmoord van 'n vriend
- twee jongmans se vertrek om diensplig te verrig
- Dalena se swangerskap
- Simon se betrokkenheid
- Mart en Pienekaar
- Dalena se selfmoord
- Mart se brieue (as terugflitsende perspektief).

Die verwysings na die koshuis loop soos 'n leitmotief deur die verhaal. In die koshuis-kamer gebeur die meeste dinge. Al ontvlugting wat die koshuiskinders gehad het, was LM Radio, die koerant, lees en sekspraatjies. 'n Negatiewe punt wat mens hier kan noem, is die leesles van die ses-tienjarige meisie. Professor HP van Collier voel dit is net 'n truuk om deur middel van koerantberigte Viëtnam by te sleep en die Suid-Afrikaanse jare sewentig lewend te hou.

Kan julle nog die jare sewentig onthou? 'Dit was waarskynlik die verganklikste dekade ooit in die geskiedenis van die wêreld,' sê Tom Gouws. 'Weggooiodes, weggooi-danse, weggooimusiek, weggooilewens. Wit seuns is op die grens geskiet vir volk en vaderland. Swart skoolkinders is in townships geskiet.'

Marit tree as die eerstepersoonsverteller op. Sy is die karakter in die verhaal wat die verhaal self vertel. Dit is baie funksioneel, maar hou die nadeel in dat die verteller slegs weergee wat sy self gesien en beleef het.


Langs hierdie verteller staan Mart se brieue wat sy in die negentigerjare vanuit Engeland aanvanklik aan 'n onbekende, later blyk dit Dalena te wees, skryf, terwyl sy self besig is om 'n boek oor tieners te voltooi. Professor HP van Collier sê die brieue is maar dun wat inhoud betref. Gedurende hierdie tyd van meer as 'n jaar, word die identiteit van die sewentienjarige kind in brieue onthul. Volgens Peter Massyn is die naam, Mart, afgelei van Marita. Saam met hierdie brieue bring Mart 'n verdiepende

## Ontmoet die Limeriekman Philip de Vos

Hoe skryf 'n mens oor jouself? Geboortedatum: Hier kan geen mens ongelukkig mee wegkom nie tensy jy wil lieg en jou ouderdom met 'n dekade wil vervroeg. Ek is gebore op 16 Junie (destyds nog 'n heel onskuldige dag) voordat dit Sowetodag geword het. Drie maande voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en dit maak my natuurlik stokoud maa - ouer as 12 sal ek seker geestelik beswaarlik word. Dit is seker waarom ek nog steeds kan skryf oor goggas en diesulkes terwyl my vriende van dieselfde ouderdom maar net hulle grys koppe

kan skud en sê: 'Ag, slym!' Dis alleen as ek in 'n spieël kyk dat ek besef daar is plooië en ander nare goed, andersins bly ek steeds nog daar êrens in 'n voor-adolesente stadium vasevang. Gelukkig het Sowetodag intussen Jeugdag geword.

My kinderjare in Cricketstraat, Bloemfontein, was gelukkige jare. Die huisie was klein, maar vir my was dit die hele wêreld. My ma was skaam vir hierdie huisie, want sy het geweet my pa kon beter bekostig. Hy was 'n steenkoolhandelaar en aan geld was daar tuis nooit 'n tekort nie. Maar vir my was dit 'n heerlike tyd van ontdekking. Tuis het ons maar min boeke



gehad behalwe **The masterpiece library of short stories** en die enigste musiek wat ek tuis op die draadloos gehoor het, was goeds soos **How much is that doggie in the window**. Deur ons bure het ek egter die

perspektief op haar ervarings van die jare sewentig. Let op die aanhef van die briewe:

- Liewe kind
- My lieue kind
- Liefste kind
- My liefste, liefste kind.

Hiermee saam ontvou ook Mart se verhaal: van 'n hoërskooldogter in Suid-Afrika tot 'n geskeide skryfster met 'n driejarige seuntjie. Hier tree dan nou 'n onderskeid in tussen die vertellende ek-figuur en die belewendende ek. So kry sy dit natuurlik reg om spanning te skep.

Mart is die primêre verteller en fokaliseerder. Dit is haar siening van mense, gebeure en plekke en haar verwoording van daardie siening wat deur die vertelling bekend word.

Ander interessante elemente is:

- Mart se ouers se verhouding
- Mart se siening van haar pa
- die rol van Pine Pienaar in Mart se lewe.

Hier word 'n negatiewe beeld geskep van die wêreld van die man. Die man word nooit groot nie. Hy is behep met rugby, vleisbraai, jag en seks. Hy hou vas aan geweld en hou daarvan om mag af te dwing.

Die rol van Pine in Mart se lewe:

- is hy die een wat haar die dinge van 'n kind laat aflê?
- wat moet sy alles agterlaat en vergeet?
  - masturbasie
  - 'n skoolvriend se selfmoord
  - Dalena se swangerskap.

Al hierdie dinge laat Mart besef hoeveel guts mens eintlik moet hê om aan te gaan. Tussen alles deur wat ineenstort bly Mart alleen staande.

*Wat kom na vore deur middel van koeranste en gesprekke?*

- Politiek
- Apartheidstelsel
- Verpligte diensplig vir mans (hulle mag veg, maar nie stem nie).

**Titel**

Die titel sluit aan by I Korintiërs 13 - daar moet afstand gedoen word van 'n verlede wat as kinderagtig voorgestel word. Dwaarsdeur die verhaal word die magiese woorde van I Korintiërs 13 gebruik.

**Resensente**

Peter Massyn sien dit as 'n selfbesinnende roman, omdat die intiemste detail van die ek se verlede oopgemaak word. Dit is egter nie 'n belydenis nie, want daar is geen skuld-erkenning nie. Hy is egter nie baie opgewonde oor die boek nie en sien dit bloot as 'n sappige boek wat gemik is op die breë leespublik.

Professor HP van Coller voel dat hier

bemerkingsgewys ook op **Griet** se rug gey word. Daarom die foto van Marieta op die agterblad (nogal geneem deur Bernard Jordaan). Hy sê egter die boek het baie goeie dialoog en karakterisering.

Tom Gouws voel ook dat die reklamerandom hierdie boek maak gebruik van die **Griet**-sukses. Dieselfde spulse Griekse poppie (naak) is op die voorblad. Hy beskou dit as 'n geel voorblad.

Marina le Roux voel die omslagskildery sluit perfek aan by die verhaal. Sy sê dis 'n geslaagde en leeswaardige roman en hiermee het 'Marita die speelse dinge van 'n kind en van **Griet** afgelê. Saam met die karakters kyk die leser nou sonder 'n raaisel in 'n helder spieël.

Al die resensente is dit eens dat dit 'n boek is oor tieners, maar nie vir tieners nie. Dit word gelees deur die puntenerige leser tot die Kreti en die Pleti.

Johan van Zyl sê dis lekker, want vroeër het jy oorgeslaan Engels toe as dit kom by liefde. Nou kan ons uiteindelik vloek en vry in ons eie taal.

Andre le Roux sê die boek is beter as **Griet**. **Griet** was literêr gesproke te groot vir haar skoen. Mart se dinge is meer geloofwaardig.

## Angela's ashes as outobiografiese literatuur beskou

MARIETJIE KOTZE

Voorsitter, George Leeskring

Leende van die George Leeskring het vanjaar die boek, **Angela's ashes** van Frank McCourt, as deel van hul leesprogram bespreek. McCourt, wat in 1997 die Pulitzer Prys ontvang het vir die boek, noem dit 'a memoir of a childhood' en dit reeds in die openingsparagrafe aan dat hy met outobiografiese besonderhede werk wanneer hy, onder meer, sê: 'My father and mother should have stayed in New York where they met and married and where I was born... When I look back on my childhood I wonder how I survived at all...'

As deel van die boekbespreking is derhalwe ook aandag gegee aan die aard van outobiografiese literatuur as genre, asook aan die ontstaan en ontwikkeling daarvan. Outobiografieë, wat deesdae dikwels

topverkopery by boekwinkels is, geniet ook onder literatoure groeiende belangstelling. Studies oor die aard van hierdie genre het, onder andere, geleidelik tot fynere onderskeiding tussen die verskillende tipes. So word daar, byvoorbeeld, onderskei tussen drie sub-groepeerings.

- Die *outobiografie* as sodanig, hetsy as 'n omvattende lewensverhaal tot op die moment van skrywe, of 'n betekenisvolle snit daarvan, byvoorbeeld, die jeugjare, wat dan soos in **Angela's ashes** aangebied word as herinneringsflitse, oftewel memoirs. In alle gevalle is die vertellende hooffiguur in die teks dieselfde mens as die skrywer van die boek. 'n Voorbeeld hiervan in Afrikaans is FA Venter se **Kambrokind**.
- In die *outobiografiese roman* verwys die hooffiguur in die teks egter nie direk na 'n historiese (lewende) persoon, met ander woorde, die skrywer self nie. Die verband wat tussen verhaal en skrywer bestaan, word eers agterna en buite-om die teks gelê soos, byvoorbeeld, die geval was met die werk, **Sy kom met die sekelmaan** van Hettie Smit.
- In die *roman-as-outobiografie* word 'n roman aangebied asof dit outobiografies is of kan wees en lê die skrywer self 'n verband (hoewel fiktief) tussen homself en die verteller in sy roman. Die roman, **Miskien nooit**, is hiervan 'n voorbeeld.

By al drie hierdie sub-groepeerings is daar egter één gemeenskaplike faktor wat opval, naamlik, die mens agter die boek, en daar kan dus inderdaad gepraat word van outobiografiese literatuur as spieëlbeelde van die self, of 'Mirrors of ink', aldus Burt.

Dis interessant dat die outobiografie as genre eers regtig begin groei het vanaf die Renaissance, toe die ontdekking van die mens as individu aan die orde gekom het. Ook in die skilderkuns ontstaan daar in hierdie tyd 'n neiging om deur middel van

selfportrette gestalte te gee aan die self. 'n Skilder soos Rembrandt het met sy reekse selfportrette as 't ware 'n outobiografiese-inbeeld daargestel. Moontlik het die 'ontdekking' van die Venesiese spieël met sy silwer rugkast so 'n groot invloed uitgeoefen op kunstenaars van die vyftiende eeu en later, dat die fisiese konfrontasie met die self in die spieël bygedra het tot hul in-skouende werk.

Een van die uitdrukkingsvorme van outobiografiese literatuur wat vandag toeneem in gewildheid, is die joernaal, waardeur die skrywer aan sy leser 'n nog intiemer en deurlouperiger kykie wil bied in die binnewerking van sy lewe.

Dit wil dus lyk asof die toenemende aanvraag na outobiografiese leesstof, miskien juis 'n aanduiding is van wat die skrywer, CS Lewis, bedoel het met sy uitspraak: 'We read, to know that we are not alone.'

## Irish realism

DENISE HARRIS

Chief Librarian Acquisitions

There has been a burgeoning of accounts of harsh, working class childhoods from Irish writers.

Some of these, such as Peter Sheridan's **44: a Dublin memoir** (1998), read like novels, or fictionalised memoirs. He writes of growing up in Dublin in the sixties, in a small house in a family of seven children and some male lodgers from the country. His father is a gambling, drinking man who works in the booking office at a local station. His mother is the rock who holds the family together. He describes the influence of the brothers at the Christian Brothers College from where his friend Andy is sent to Reform School. This is a portrait of an Irish family which follows the author's journey from boyhood to man. It is a wonderful read, at times painful, but also funny in parts.

In similar vein, but more harrowing is Frank McCourt's **Angela's Ashes** (1997). He writes about his miserable Irish Catholic childhood in Limerick in the thirties. His father was chronically unemployed and alcoholic. He tells of hardship and suffering growing up in the slums with his mother coping with too many children, too little money and his father's drinking bouts bringing the family to ruin. His story is one of

amazing survival in spite of what he endured. The author's gift for storytelling is part of the reason for the success of this book.

Accounts of harsh Irish childhoods are at their most realistic in the novels of Roddy Doyle. This acclaimed Irish author has written six novels. He won the Booker Prize in 1993 for **Paddy Clarke Ha-Ha**. The novel brings to life the slum area of Dublin in the sixties in which 10-year-old Paddy Clarke and his friends respond to the world around them. He has also written the **Barrytown** trilogy of Irish working class novels which includes **The Commitments** (1988), the story of 21-year-old Jimmy Rabbitte, and the soul music band he starts and keeps

together for a time, in spite of constant friction among its members. The second title in the series is **The Snapper** (1990) which centres on the pregnancy of Jimmy's sister, Sharon, and the ensuing scandal. **The Van** (1991) is the final book in the trilogy. This is a darkly, comic novel, continuing the story of Jimmy Rabbitte and two unemployed friends who buy a van and use it for selling meals. The Rugby World Cup and the progress of the Irish team is part of the background.



Also from Roddy Doyle is **The woman who walked into doors** (1996), another Irish working-class novel, but this time about an abused wife who relives her past, offering glimpses of her violent and harrowing marriage. Also from this author is his new book, **A star called Henry** (1999). This is the first volume in a new trilogy, **The Last Roundup Series**. It is set in Dublin in 1901 and the story is told through Henry Smart. He is a slum-child who, together with his brother, is living on the streets by the age of five. He goes on to become a fighter in the Irish Rebellion of 1916-1921.

Seamus Deane's **Reading in the dark** (1996) follows a Catholic working-class boy through his childhood in postwar Derry. A study of the Irish condition which brings to light aspects of small-town life in Ireland is **The Butcher Boy** (1993) by Patrick McCabe.

The harsh realism of contemporary Dublin is the setting for Deirdre Purcell's **Love like hate adore** (1997). The main character is a young woman, from a dysfunctional background, who is coping with a hard life and caring for her 19-year-old brother. He works as a motorcycle courier and when he is convicted for date rape, their lives are invaded by the media.

**No bones** by Anna Burns (1999), recently published and not yet added to Library Service stock, is a novel set in Catholic Belfast. It follows the fortunes of the Lovett family with their violent father, mad mother, various children and circle of neighbours and friends. Their concerns at work and school, bombs and the Irish Republican Army (IRA) are part of the story. Nicolette Jones in the **Bookseller** of 1 October 1999, page 32, refers to this book as '...a kind of Belfast counterpart to **Angela's ashes**...'

These are a few of the titles which could be drawn together under the heading of 'Irish realism'. There are others which librarians could look out for in their libraries and recommend to readers who may like to read in this category.



# Anglo-Boereoorlog 'n geselekteerde bibliografie

## Anglo-Boer War a selected bibliography

Saamgestel deur / Compiled by  
**Elizabeth de Roubaix, Boekkeurder**

Q 355.0968 SOU

South African military yearbook, 1998/  
[edited by CJ Nothling]. - Silverton: South  
African Military History Consultants, 1998.

Q 623.4425 BES

Bester, Ron Ronald Christo. Boer rifles and  
carbines of the Anglo-Boer War. -  
Bloemfontein: War Museum of the Boer  
Republics, 1994.

781.6239 GRO

Grobbelaar, Pieter Willem. Kommandeer!  
Kommandeer! : volksang uit die Anglo-  
Boereoorlog. - Pretoria: vd Walt, 1999.

920 BUL

Powell, Geoffrey. Buller: a scapegoat?: a life  
of General Sir Redvers Buller, 1839-1908. -  
London: Cooper, 1994.

\* 920 CHU

Sandys, Celia. Churchill: wanted dead or  
live. - London: HarperCollins, 1999.

920 SCH

Schoeman, Karel. Only an anguish to live  
here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer  
War, 1899-1902. - Cape Town: Human, 1992.

968.03 KNI

Knight, Ian. The Boer Wars (1), 1836-1898. -  
London: Osprey, 1996.

968.04 DAV

Davidson, Apollon and Filatova, Irina. The  
Russians and the Anglo-Boer War, 1899-  
1902. - Cape Town: Human, 1998.

Q 968.04 GRE

Greenwall, Ryno. Artists & illustrators of  
the Anglo-Boer War. - Vlaeberg: Fernwood  
P., 1992.

\* 968.04 JAC

Jackson, Tabitha. The Boer War. - Channel 4  
Bks, 1999.

968.04 KNI

Knight, Ian. The Boer Wars (2), 1898-1902. -  
London: Osprey, 1996, c1997.

\* 968.04 KOT

Kotze, GJ. Die Anglo-Boereoorlog in  
Namakwaland. - GJ Kotze, 1998.

\* 968.04 KOT

Kotze, HN en Kotze, DA. Oorlog sonder  
oorwinning: die Anglo-Boereoorlog in die  
omgewing van Kakamas, Kenhardt,  
Keimoes en Upington. - Hermanus: Pastelle,  
1999.

968.04 MAR

Marais, Pets. Penkoppe van die Tweede Vry-  
heidsoorlog, 1899-1902. - Pretoria: vd Walt,  
1993.

968.04 NAS

Nasson, Bill. The South African War, 1899-  
1902. - London: Arnold, 1999.

\* 968.04 NOR

Nordbruch, Claus. The European volun-  
teers in the Anglo-Boer War 1899-1902. -  
